Vandag blinde ysterman, môre Boeing-vlieënier

ROZANNE DE JAGER IN KUILSRIVIER
rozanne.dejager@media24.com

Hein Wagner (39) is 'n ysterman in elke sin van die woord.

Om 1,9 km te swem, 90 km fiets te ry en 21,1 km te hardloop is nie vir sissies nie – en dit boonop sonder sig.

Hein is blind gebore, maar het 'n onstuitbare lewensuitkyk.

Hy het pas die Ysterman 70.3, die kleinboetie van die groot Ysterman-kompetisie, in net minder as ses uur in Oos-Londen voltooi.

Nou oefen hy vir die groot Ysterman-kompetisie, wat in April gehou word. Die afstande in dié kompetisie is dubbel soveel.

"In dié stadium wil ek net graag die resies voltooi. As ek dit onder 13 uur kan doen, sal dit 'n bonus wees."

Hoewel hy nege oefensessies van tussen 16 en 19 uur per week het, dink hy nie aan homself as 'n sportman nie.

"Ek wil steeds huis toe kom en 'n glas wyn geniet!"

Dit is ook nie waar Hein se talente ophou nie.

Hy het al die Hongkong- én die New York City-marathon voltooi en in 2009 het hy die blinde wêreldlandspoed-rekord teen 322,5 km/h laat spat.

Sy vrou, Melindi, skud net haar kop: "Nooit weer nie!"

Hulle het mekaar in Grahamstad ontmoet tydens een van Hein se outobiografiese vertonings, *Bat Magic*. "Dit was 'n *blind date*," sê hy met 'n stoute glimlag.

Wanneer hy nie vir Ysterman oefen nie, lewer hy landwyd motiveringspraatjies. Hy doen dit al agt jaar lank. Hy meng humor met sy persoonlike ervarings om sy gehoor te inspireer.

"Geharde sakemanne kom skud my hand ná die tyd met die trane dik in hul stem."

Dit is wat hom die meeste inspireer: dat hy 'n verandering in ander se lewe kan maak.

Volgende op die lys van uitdagings is om 'n Boeing van Londen na Suid-Afrika te vlieg.

Hein Wagner is blind en het onlangs die Ysterman 70.3-kompetisie voltooi. | FOTO: EDREA DU TOIT

HOE GEMAAK IN DIE YSTERMAN?

Fietsry:
Die maklikste van die drie. Hein ry tandem saam met iemand wat dan die leiding neem.

Draf:
Hein hardloop saam met 'n gids wat vir hom die pad aandui.

Swem:
Die uitdagendste. Hein gebruik 'n soort onderwaterradio wat soos 'n MP3-speler werk. Dit het oorfone waarmee hy aanwysings kry van 'n gids wat langs hom op 'n waterponie ry.